RSG

RADIOTEATER

DINK JY DAREM NOG AAN MY?

deur

François Bloemhof

Uitgesaai op: 23 Mei 2024
Regie:Christelle Webb-Joubert

Die storie RSGplus: Bron: https://www.rsgplus.org/luister-donderdaand-na-n-spanningsdrama/

Daar word ‘n moord gepleeg op die dorp, Stilwater.
Leandri kom per trein aan op die klein dorpie Stilwater. Die plan is om vir ’n onbepaalde tyd in Soes se losieshuis te bly, om rus te vind ná onlangse gebeure in die stad. ’n Moord in ’n woning naby die losieshuis is egter net die begin van ’n reeks ontstellende situasies. Spoke uit die verlede gaan ook binnekort by Leandri kom aanklop.
Wie is die skuldige? Die nuwe vrou, Leandri Cilliers wat net ‘n dag tevore op die dorp aangekom het? Of is haar lewe ook in gevaar?

Kopiereg en opvoerregte berus by:
François Bloemhof: e-pos (rooiluiperd4@gmail.com)

Geen gedeelte van hierdie teks mag sonder die skriftelike verlof van die skrywer/kopiereghouer gereproduseer of opgevoer word nie. Reproduksie sluit in enige vorm weergegee deur enige elektroniese of meganiese middel, hetsy deur fotokopiëring, skyf-, band- of stemopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of –ontsluiting.

DINK JY DAREM NOG AAN MY?

François Bloemhof

ROLVERDELING:

1. LEANDRI CILLIERS (28 – wit)
2. SOES MAREE (65 – wit)
3. RIAAN MAREE (32 – haar seun, wit)
4. SHIREEN ARENDSE (30 – bruin)
5. MICHAEL GREEFF (38 – wit)
6. KAPTEIN DENVER DANIELS (45 – bruin)
7. LAVINIA BEUKES (72 – wit)

BYK : TEMAMUSIEK – RAVEL SE "BOLERO" EN OOK LEANDRI SE TEMA – OP EN DOOF NA LAATMIDDAG VOOR DIE DEUR VAN SOES SE LOSIESHUIS OP 'N RUSTIGE LANDELIKE DORPIE. DUIWE KWALIK HOORBAAR IN DIEP A/G. ENKELE TUINVOËLS IN A/G. VOORDEURKLOKKIE LUI BINNE. POUSE. DEUR OP MIK OOPGEMAAK.

1. SOES : [EFFE WEG, VROLIK, HARTLIK] Jittetjie! Jy sal dan nou net Leandri wees.
2. LEANDRI : Dis reg. Mevrou Maree?
3. SOES : Ag, dis sommer net Soes, hoor? Het jy al die pad van die stasie af met daardie grote tas gelóóp?
4. LEANDRI : Dit het wieletjies.
5. SOES : Nog steeds. Kom in, kom in!

BYK : VOORDEUR VAN SOES SE OU, RUIM HUIS TOEGEMAAK. MUSIEK HOU ABRUP OP.

6. SOES : Dis sommer dadelik hier op. Versigtig, die trap is soos 'n berg wat jy moet klim. Hy't my geleer om vir hom respek te hê. [POUSE] Maar jy's fiks! Jy lyk nie ag-en-twintig nie.
7. LEANDRI : [GERESERVEERD] Mense skat my jonger, ek weet.

BYK : GEKRAAK VAN BOONSTE TRAP.

8. SOES : Bopunt van Everest! Die ander twee is nog nie in nie. Dis nou my ander loseerder, Shireen Arendse, en my seun, Riaan. Hoe lyk dit met 'n lekker koppie koffie, Leandri?
9. LEANDRI : Ek gaan eerder 'n rukkie laaglê, mevrou.

1. SOES : [KWANSUIS STRENG] Soes, onthou. [POUSE] Hier is jou kamer. Ek hoop jy hou daarvan.

2. LEANDRI : O, ja. Groot.

3. SOES : Jy't seker geskrik toe jy van die trein afklim. Ek bedoel, ná die stad. Ek het my nogal afgevra wat jy ... [DROOG OP] (op so 'n klein plekkie kom doen.)

4. LEANDRI : [PRAAT DIT WEG] Dis soos ek gehoop het dit sal wees. Rustig.

5. SOES : As rustigheid is wat jy soek, is dit wat jy sal kry! Die plek se naam is nie verniet Stilwater nie. Nou ja, aandete is seweuur. Dit sal nou ook nie 'n sonde wees as jy 'n paar minute laat is nie.

BYK : DOOF.

BYK : OUTYDSE STAANHORLOSIE IN A/G BEGIN SEWE SLAE GEE. RUIM EETKAMER MET GROOT TAFEL. VROEGAAND. GELUIDE VAN LEPELS IN POEDINGBAKKIES.

6. RIAAN : Die uiteinde is dat hulle mekaar dagvaar. Daar kan g'n wenner wees nie – elkeen wil net hê die ander moet vérder verloor!

7. SOES : Nou't ek alles gehoor, Riaan. Dat grootmense so kleinlik kan wees.

8. RIAAN : Ek sê vir Ma. [POUSE. VRIENDELIK.] Maar terug na jou, Leandri. Ek weet nog nie eens nie – val jy al môre hier iewers in?

9. LEANDRI : Ek het nie kom werk nie.

10. RIAAN : Wat doen jy gewoonlik?

11. LEANDRI : [BELEEFD ONTWYKEND] Ag, sekretarieel.

12. SHIREEN : [GEÏRRITEERD DEUR SY BELANGSTELLING] Waarvan verdink jy die girl, dat jy haar so interrogate?

1. RIAAN : Is ek só erg, Shireen?
2. SHIREEN : Jy klink kompleet soos daai Denver – wat's sy van? As hy op sy stukke is.
3. SOES : Kaptein Daniels?
4. SHIREEN : Kaptein Daniels. [MAAK RIAAN EN LEANDRI SE STEMME NA] "Waar kom jy vandaan, Leandri?" "Van die stad af, Riaan." "Hoe lank bly jy, Leandri?" "Ek is nie seker nie, Riaan." [LAGGIE] Jy sal maak dat sy vanaand nog "So long" skree!
5. LEANDRI : [VERANDER ONDERWERP] Ek dink ek is vanmiddag by jou boetiek verby, Shireen.
6. SHIREEN : My dear, 'n halfuur te voet en dan was jy óral.
7. SOES : Almal klaar? Was die poeding darem in die kol?
8. LEANDRI : Heerlik, Soes! Nes die bredie.
9. RIAAN : Ek sal die bakkies deurvat en opwas.
10. SOES : Nee, trakteer jy en Shireen ons gas verder op Stilwater se feite en geite.
11. LEANDRI : Nee, Riaan, ek help jou.
12. SOES : Oor my dooie liggaam, dat een van my loseerders ... [BREEK AF] (in die kombuis help.)
13. LEANDRI : [LAG] Ek het nie hier kom aftree nie, Soes!
14. SOES : Goed, laat ons nie sommer op die eerste aand baklei nie! As ek dan moet maak of my hande die saligheid belowe is. Shireen, wil jy dalk kaart speel? Of dalk is daar iets op TV wat mens kan kyk.

BYK : DOOF.

BYK : OPWASGELUIDE DOOF IN. DIT IS SOES SE RUIM, HUISLIKE KOMBUIS. WATER. BORDE WORD DAN EN WAN OP SINK NEERGESIT.

1. RIAAN : Hier gebeur eintlik net soveel as in die stad, Leandri. Mense bly maar mense.
2. LEANDRI : Ek sou gedink het hier gebeur dalk minder, maar mense wéét van meer.
3. RIAAN : Stilwater het ingehaal – gelukkig of ongelukkig. Seker veral omdat ons net twee uur uit die stad uit is. Ons hét TV, ons hét internet, ons hét sosiale media. Die bose wêreld daar buite is nie meer daar buite nie.
4. LEANDRI : As prokureur behoort jy te weet, Riaan.
5. RIAAN : Nogtans, hier is soms nog ’n sekere ... [DROOG OP] (onskuld.)
6. LEANDRI : Onskuld?
7. RIAAN : Mense kán nog naïef wees. Van die oueres. En eksentriek. Soos tannie Lavinia twee huise hiervandaan.
8. LEANDRI : Lavinia? Soos in Liewe Heksie?
9. RIAAN : Lavinia Beukes. Goed bejaard, maar sy het stééds die tuisbedryf. Sy staan stééds douvoordag op om te bak. Hou stééds al die geld wat sy van haar man geërf het in ’n kluis in haar huis.
10. LEANDRI : Dit klink nie juis veilig nie.
11. RIAAN : So onveilig as wat dit is, so hardkoppig is sy. Ek het al daaroor met haar gepraat. As prokureur. Wil nie hoor nie. Sy vertrou niemand nie. Net haar kat. Met wie sy láng gesprekke voor. Prinses.

1. LEANDRI : [LAG] Prinses!

2. RIAAN : Lavinia het die laaste sent aan die Dierebeskermingsvereniging bemaak – dis nou as iemand ná haar dood daardie kluis van haar kan oopkry!

BYK : KLASSIEKE MUSIEK OP EN DOOF NA A/G: ALBINONI SE "ADAGIO" IN DIE LEEFVERTREK VAN LAVINIA SE YSLIKE, GEGOEDE HUIS. VROEGAAND.

3. LAVINIA : [PRAAT KOMPULSIEF MET KAT] Mooi musiek, nè, Prinses? Die lamskerrie was lekker sag, of hoe?

BYK : SAGTE, KLAERIGE MIAAU. DIE KAT MAAK SOMS GELUIDE, MAAR SWYG MEESTAL.

4. LAVINIA : Daar sou mos vandag 'n nuwe meisie hier anderkant by Soes-hulle ingetrek het, my ding. Soes weet nie vir hoe lank nie. Solank sy haar nie besteel nie, of hoe?

BYK : DIE KAT BEGIN HARD SPIN.

5. LAVINIA : Deesdae weet jy nie. Soes sien mos net die beste in almal. Dié dat sy sit met 'n merrie soos daai Shireen. Wat so ogies maak vir Riaan. Het jy al gaan loer hoe lyk die nuwe meisie, Prinses? Ek moet erken ek is nuuskierig.

BYK : DOOF.

BYK : STAANHORLOSIE IN A/G BEGIN NEGE SLAE GEE IN SOES SE KOMBUIS. OGGEND. AF EN TOE KOER DAAR TWEE DUIWE IN DIEP A/G.

6. SOES : A, jy't al afgekom, Leandri! Spek en eiers oukei vir jou?

1. LEANDRI : [EFFE WEG] Môre, Soes. [BEWEEG TOT OP MIK] Ek het nie gedink ... [DROOG OP] (ek kan nou nog kom eet nie.)

2. SOES : Maar jy weet mos drie etes is ingesluit.

3. LEANDRI : Al slaap ’n mens so laat?

4. SOES : Anders sit ek net rond vir kwaadgeld. Buitendien, ek kon sien jy is moeg. Trek vir jou ’n stoel uit terwyl ek my ding doen.

BYK : GESKRAAP VAN STOELPOTE OOR PLANKVLOER. EIERS WAT BRAAI IN WARM PAN.

5. SOES : A, hier’s jy ook, Shireen.

6. LEANDRI : Môre, Shireen.

7. SHIREEN : [IGNOREER HAAR – EFFE WEG] Net muesli vir my. [OP MIK] This girl must watch her figure or no-one is gonna watch it.

8. SOES : Ek dog eintlik jy’s klaar weg boetiek toe.

9. SHIREEN : Hoekom langer na ’n leë deuropening sit en kyk as wat ek rêrig moet? [SKAARS BELEEFD] Hoe lyk jóú dag, Leandri?

10. LEANDRI : Ek gaan ’n bietjie visenteer. Gister wou ek net hier uitkom.

11. SOES : Ek kry jou muesli reg, Shireen.

BYK : BORDJIE EN LEPEL NEERGELÊ SOOS WAT SOES WERSKAF, TERWYL BRAAIGELUIDE AANHOU. DOOF UIT. STILTE.

BYK : MOTOR KOM NADER EN RY VERBY IN DIE ANDERSINS STIL PLATTELANDSE STRAAT. LAATOGGEND.

12. LAVINIA : Juffrou!

13. LEANDRI : [EFFE WEG] Goeiedag. Leandri Cilliers. [BEWEEG NADER] U moet mevrou Beukes wees.

1. LAVINIA : [EKSENTRIEK-AGTERDOGTIG] Hoe't jy geweet?

2. LEANDRI : Hier staan "Mevrou Beukes se Tuisbedryf".

3. LAVINIA : [GEAMUSEERD] Ag! Ja! Kom in.

BYK : HULLE BEWEEG NA OOP, DIEP AREA.

4. LAVINIA : Ek is "tannie", hoor. Dis net daar op die ruit wat ek "mevrou Meiring" is. Maar jy's dan die nuwe meisie, by Soes.

5. LEANDRI : Dis reg. Maar ek's nou geheel en al stomgeslaan – kyk net al die soetgoed!

6. LAVINIA : Waarvan die meeste net so sal bly staan!

7. LEANDRI : Daar is g'n manier dat ék nie iets gaan koop nie. Hierdie koeksisters is kunswerkies!

8. LAVINIA : Jy hoef nie, hoor. Ek lok darem nie mense hier in net sodat hulle ... [BREEK AF] (my gebak moet koop nie.)

9. LEANDRI : Dis ook nie wat ek gedink het nie, e ... tannie.

10. LAVINIA : Ek bak terwyl ek nog kan. Mens weet nooit watter dag is jou laaste nie. [LAG] Maar hoekom klink ek nou so swartgallig?

BYK : MUSIEK OP EN DOOF NA WORS WAT IN 'N PAN BRAAI.

KOMBUIS. VROEGAAND.

11. RIAAN : Haai, Leandri. Ek sien jou nou eers. My ma is by 'n vriendin, so jy's vanaand aan hierdie kok se genade uitgelewer! Wors en groente, is ek bevrees.

12. LEANDRI : Ek sien kans! Hoe was jou dag, Riaan?

13. RIAAN : Soos al ons dae – jy kan raai!

BYK : DIE HUISFOON BEGIN SKRIL IN A/G LUI.

1. RIAAN : Ag, sal jy ’n boodskap vat? Dit sal vir my ma wees en ek kan nie nou hier los nie.

BYK : POUSE. GEHOORBUIS WORD OP MIK GELIG.

2. LEANDRI : Hallo, dis, e ... mevrou Maree se woning?
3. MICHAEL : [FILTER, IRONIES] Maar daardie stem ken ek mos.
4. LEANDRI : [TREK ASEM IN VAN SKOK] Wat?!
5. MICHAEL : [TERGERIG] Verras?
6. LEANDRI : [PRAAT SAG, OOK VERDERAAN] Hoe het jy uitgevind waar ek is, Michael?
7. MICHAEL : Dink jy darem nog aan my?
8. LEANDRI : [KWAAD, OOK BENOUD] Hoe jy ook al uitgevind het, jy weet goed om my nie te kontak nie.
9. MICHAEL : Die meisie in my lewe verdwyn tussen neus en ore, en ek moet dit net so los?
10. LEANDRI : Ek is nie meer daardie meisie nie!

BYK : GEHOORBUIS WAT HARDERIG NEERGESIT WORD.

11. RIAAN : [OP AFSTAND] Ek neem aan dit wás vir my ma?
12. LEANDRI : [PROJEKTEER] Verkeerde nommer! [SKRIK] O, hallo, Shireen. Ek het jou nie hoor afkom nie.
13. SHIREEN : Haai. [ROEP] Hoe vorder die naked chef?
14. RIAAN : [OP AFSTAND] Die mooie dames kan solank gaan aansit.
15. SHIREEN : [ROEP] Wat ’n voorreg, om deur ’n gorgeous man bedien te word! [SAGTER] Jy weet, Leandri, Riaan is nie die mees perceptive ou met wie ek al deurmekaar was nie. Veral vir ’n prokureur.

1. LEANDRI : “Deurmekaar?” Ek het nie besef julle twee ... [BREEK AF] (gaan uit nie.)

2. SHIREEN : Maar ek het hom darem al ’n ding of twee geleer. Om by mense se koppe in te kyk. En hy sê vroeër vir my jy lyk nie gemaklik nie. Ek meen, óp jou gemak nie.

3. LEANDRI : Ek is orraait, dankie.

4. SHIREEN : Issit?

5. LEANDRI : [TAAMLIK SKERP] Ek soek net rus en vrede. Niemand hoef by my kop in te kyk nie.

6. SHIREEN : Ek het niks slégs daarmee bedoel nie. [POUSE] Anyway. [SLU] As jy sometime by die boetiek ’n draai wil maak sodat ons iets omtrent jou vel kan doen, is jy meer as welkom.

7. LEANDRI : [VIES] Ek sal sê as dit nodig is.

8. RIAAN : [OP AFSTAND] En vir wat is julle nog nie aan tafel nie? Hierdie koningskos mag nie koud raak nie!

BYK : DREIGENDE MUSIEK OP EN DOOF NA A/G: SAINT-SAËNS SE “DANSE MACABRE” IN LAVINIA SE LEEFVERTREK. AAND.

9. LAVINIA : Jy gaan my nog doodlê, Prinses. My bene slaap en dit raak laat. [POUSE] Maar het Ounooi se ding die vis geniet?

BYK : MIAAUGELUIDJIE.

10. LAVINIA : Ja, lank verby is die dae toe jy nog jou eie kos kon vang. En ek weet jy mis die steak met al die vet, maar hierdies is goed vir jou, hoor? [SKRIK] Wat’s dit? Moenie afspring nie! [POUSE] Prinses?

BYK : VLOERPLANK WAT VER WEG KRAAK.

1. LAVINIA : [BANG] Is hier iemand? [POUSE, DAN KWAAD] Ek vra, is hier iemand in my huis? [POUSE, MEER GERUS, ROEP] Kom terug, Prinses! [PROJEKTEER] Kom lê maar weer!

BYK : OP AFSTAND, KAT WAT BLAAS.

2. LAVINIA : Jy sal maak dat my hart gaan staan. [LAG] Vol dinge, noudat jy nie meer ’n spring chicken is nie! Kom sit weer! Wat kyk jy en hoekom trek jy jou ore so plat?

BYK : VLOERPLANK KRAAK EFFE NADER.

3. LAVINIA : [ROEP] Wie is daar? Is iemand ... [SKRIK] Los haar!

BYK : OP AFSTAND, KAT SE VERBOUEREERDE MIAAU.

4. LAVINIA : Hoe’t jy in my huis gekom? Sit neer my kat! Ek gaan skree! As jy nie nóú loop nie! [BEGIN HUIL VAN BANGHEID] Asseblief, ek sal jou gee wat jy soek. Los haar net!

BYK : DIE “DANSE MACABRE” WORD KORTGEKNIP TERWYL NOG IN VOLLE SWANG. STILTE.

BYK : SOES SE RUIM SITKAMER – ’N STAANHORLOSIE SE GETIK DOOF IN, DEURGAANS IN A/G. AAND.

5. SOES : [VERSLAE] Dóód. Ek kan dit nie glo nie! Is hulle nog daar besig?

6. DANIELS : Hulle het haar nog nie weggeneem nie. Soes – ek bedoel mevrou Maree – ek wil hê jy moet baie mooi dink. Toe jy die kreet gehoor het, jy sê dit was om en by ’n uur gelede? Halfelf?

7. SOES : Ja, kaptein. Ek was nog nie lank terug hierso nie – het by Miemie Grobler gaan kuier – en almal het al geslaap. Of ek glo so. Dis toe dat ek iemand hoor skree.

1. DANIELS : Jy het nie toe gedink dis dalk mevrou Beukes nie?
2. SOES : Glad nie. [POUSE] Om die waarheid te sê, ek het twee glasies wyn met aandete gehad. Dis dubbel wat ek gewoond is.
3. DANIELS : Enne ... [DROOG OP]
4. SOES : Anders sou ek darem dadelik geweet het dis nie ’n geskree soos in ’n TV-program nie. Want dis wat ek gedog het. Al wás die TV af. Sulke goed gebeur mos nie hier nie! Dit was ook so dof.
5. RIAAN : Omdat dit van twee huise hiervandaan gekom het. Ma moenie vir Maself blameer nie – dit was toe seker reeds te laat.
6. DANIELS : Ook net die een kreet, mevrou?
7. SOES : Net een. ’n Paar minute later was dit of iemand my ’n klap gee. Toe, kaptein weet, besef ek ’n gil in die aand, en net hard genoeg om van dáár af te kom – wat dit moet beteken. Toe bel ek die polisiestasie.
8. SHIREEN : Vannag maak ek nie ’n oog toe nie.
9. DANIELS : Nie een van júlle het iets gehoor nie? Shireen?
10. SHIREEN : Uh-uh.
11. RIAAN : Ek het vroeg aan die slaap geraak.
12. DANIELS : En jy, juffrou? Wat is jou van nou weer?
13. LEANDRI : Cilliers. Nee, kaptein Daniels. Ek het al gelê.
14. DANIELS : [AGTERDOGTIG] Was jy al aan die slaap?
15. LEANDRI : [HUIWERIG] Ek het seker net weggeraak, toe klop Riaan om te sê jy’s hier om met almal te praat.
16. DANIELS : En toe jy hier onder kom, hoor jy eers iemand is hier naby vermoor.
17. LEANDRI : Dis reg.

1. SHIREEN : [SLU] Arme Leandri – jy't pás hier aangeland, of iemand word byna reg langsaan doodgemaak.

2. SOES : Kaptein Daniels, ek sukkel hiermee. Jy sê Lavinia is teen die kop geslaan. Sy kon nie net geval en haar kop teen iets gestamp het nie? Toe skrik en skree sy nie?

3. DANIELS : Kyk, almal het geweet sy het geld in die huis. [VEELSEGGEND] Dit kan een van die eerste skinderbrokkies wees wat iemand hoor wat hier aankom. Die geld was in 'n kluis. Hy of sy – die moordenaar – moet haar gedwing het om die kombinasie te gee.

4. SHIREEN : Maar as hy die geld gekry het, hoekom haar doodmaak?

5. DANIELS : Omdat sy die persoon kon identifiseer.

6. SHIREEN : Hoe gril ek nou.

7. SOES : Dit moet tog iemand van buite wees, kaptein.

8. RIAAN : Shireen, Ma, ek glo nie hy dink dit was 'n buitestander – iemand wat gekom en gegaan het nie.

9. DANIELS : [VEELSEGGEND] Mevrou Maree ... Soes ... Soms is die skuldige party rég onder jou neus.

BYK : MUSIEK OP EN DOOF NA KOMBUIS. 'N HOENDERHAAN KRAAI ENERGIEK IN DIEP A/G. OGGEND.

10. SOES : Kraai hy nóú eers? Hierdie kraan wil nooit blink nie, maar hy sál. Weet jy, Leandri, ek hou my al heeloggend met nonsies besig. Lavinia Beukes, net hier anderkant ...

11. LEANDRI : Ek weet. Dis moeilik om te glo. In die tuisbedryf – ek was gister daar in – was sy, wel, so lewendig.

1. SOES : Dis asof ek my oë kan knip en dan het dit nie gebeur nie. Dan sien ek haar weer in die tuin saam met Prinses.

BYK : HUISFOON BEGIN SKRIL IN A/G LUI.

2. SOES : Ag, sal jy dit kry?

3. LEANDRI : [ONWILLIG] Dit sal vir jou wees, Soes. Kan ék nie liewer opvryf nie? [POUSE] Of oukei dan.

BYK : POUSE. LIG GEHOORBUIS OP MIK.

4. LEANDRI : [HUIWERIG] Hallo? Mevrou Maree se huis?

5. RIAAN : [FILTER] Die een wat ek gehoop het sal antwoord!

6. LEANDRI : [VERRAS EN VERLIG] Riaan? Soek jy jou ma?

7. RIAAN : Nee, vir jóú. [AARSEL] Ek het gewonder of jy nie vanaand wil gaan eet nie. Daar's net die een restaurant, maar hulle is nie sleg nie.

8. LEANDRI : Maar ons eet mos hier.

9. RIAAN : Dit sal jou goed doen om 'n bietjie uit te kom, het ek gedink.

10. LEANDRI : [WEER HUIWERIG] Gaan dit nie 'n snaakse boodskap stuur nie? Ek bedoel indruk skep nie?

11. RIAAN : Uiteet is nie 'n sonde nie. [POUSE] Dit sal mý ook goed doen.

12. LEANDRI : Goed dan. As jy dit so stel.

13. RIAAN : [VERLIG] Great! Ons kan seweuur ry. Baai!

14. LEANDRI : [LIGWEG BEKOMMERD] Baai.

BYK : GEHOORBUIS NEERGESIT.

15. LEANDRI : [POUSE, STEEDS OP MIK] Hoe vorder jy, Soes?

16. SOES : [ENTJIE WEG] Ek't gewen. Ons kyk hoe lank dit blink bly. [POUSE. OP MIK] Leandri, woon jou ouers in die stad?

1. LEANDRI : Nie meer nie. Hulle is oorlede in ’n motorongeluk.

2. SOES : Ag nee. Ek is jammer! Ek kan ook so invra.

3. LEANDRI : Jy kon nie weet nie. [MEER VRYGEWIG MET INLIGTING] Ek was jonk. My tante het my grootgemaak. Ons woon nog saam. Of, wel, sy is in die woonstel terwyl ek ... [DROOG OP] (rondbeweeg.)

4. SOES : [BEGRYPEND] Terwyl jy ’n bietjie rondbeweeg.

5. LEANDRI : Ek hoop sy’s orraait.

6. SOES : Maar bel en vra!

7. LEANDRI : Sy haat selfone. Het nog nóóit een gehad nie. En myne het ek daar gelos, in ’n laai. Ek kan seker die vrou langsaan bel en vra sy moet inloer. Maar mense in die stad – elkeen bly op sy eie hopie.

BYK : HUISFOON BEGIN SKRIL IN A/G LUI.

8. SOES : Maar die ding is lastig! My beurt. [POUSE. OP AFSTAND] Dis vir jou, Leandri! ’n Man.

BYK : ONHEILSPELLENDE MUSIEK OP EN DOOF NA A/G: ALBENIZ SE “ASTURIAS” AS ’N STRYDENDE KITAARDUET, IN TAAMLIK LEË RESTAURANT MET MIDDAGETE. STEMME IN A/G.

9. MICHAEL : Ek moet reg van die begin af geweet het jy sal hier wees – die nuwe modeplekkie om na weg te breek.

10. LEANDRI : Michael, moet geen aannames maak net omdat ek ingestem het om jou te sien nie. Die eerste keer toe jy bel, het ek gevra hoe’t jy my opgespoor. Nou vra ek hoekom is jy hier.

11. MICHAEL : [SEMI-SPOTTEND] Jy kan darem vinnig tot die punt kom. Dit is soos ’n emmer koue water oor ’n man!

1. LEANDRI : Oor ’n man wat nie die boodskap wil kry nie.
2. MICHAEL : A, maar hier is jy tog, nè? Hier kom hy. [VIR KELNER] Die lasagne vir my, jongman. En ek neem aan hierdie beeld van ’n vrou neem dieselfde?
3. LEANDRI : [VIR KELNER] Die hoenderslaai vir my, asseblief.
4. MICHAEL : [POUSE. VIR LEANDRI] Lyk my iemand se smaak het verander.
5. LEANDRI : Iemand se hele lewe het. Kyk, Michael, ek het jou nie aan ’n lyntjie gehou nie. Ek het gesê ons moet mekaar nie weer sien nie.
6. MICHAEL : Daardie besluit het jy vir ’n bietjie laat gelos, dink jy nie?
7. LEANDRI : Wanneer het jy hier aangekom?
8. MICHAEL : Gister.
9. LEANDRI : En waar bly jy?
10. MICHAEL : Kyk by die venster uit en daar is dit. Stilwater Hotel. Ek sal dit nou nie juis aanbeveel nie. Maar as jy rêrig moet weet hoe ek jou gekry het, Leandri – jou tannie.
11. LEANDRI : Was jy wraggies by die woonstel aan? [POUSE] Sy moes van beter geweet het. Ja, sy’t van jou gehou, maar dit was in die dae toe ék nog het. Toe ek al jou liegstories vir soetkoek opgeëet het.
12. MICHAEL : [GEMAAK VERBAAS] Ek, lieg?
13. LEANDRI : Hoe sleg Desirée jou behandel. Hoe ongelukkig getroud jy is. Die stories wat sóveel mans aan sóveel dom meisies opdis. [KWAAD] Dán wou Desirée jou net vir ’n dienskneg hê, dán verneder sy jou voor mense, dán haat jy dit om vir haar pa te moet werk.
14. MICHAEL : Nie die ideale skoonpa nie.

1. LEANDRI : Ek het ook maar vir hom gewerk. Desirée, die baas se dogter. Ek het vir jou stories geval, maar dis verby, Michael. Dis hoekom ek jou nou kom sien het. Om dit finaal vir jou te sê.

2. MICHAEL : Ek en jy, ooit finaal? Wil jy werklik op hierdie plekkie bly? Môre ry ek en jy terug. Toe. Ons hét nou daardie grote huis.

3. LEANDRI : Jý het dit, nie ek nie.

4. MICHAEL : Ons hoort saam. Onthou jy nie? Jóú woorde.

5. LEANDRI : 'n Onnosel, jonger meisie se woorde. Ek en jy was nooit werklik saam nie. Desirée was altyd tussen ons.

6. MICHAEL : [GEFRUSTREERD] Desirée! Desirée! Sy is dood! Ek en jy is nié.

7. LEANDRI : Sagter. Nee, Michael. Elke keer as ek aan jou dink, dink ek aan háár. En aan hóé sy dood is.

BYK : KITAARMUSIEK DOOF UIT. STILTE.

BYK : MOTOR IN A/G VERBY IN STIL STRAAT. DAN PLAT HAKKE OP ANDERSINS VERLATE SYPAADJIE. MIDDAG.

8. SHIREEN : Hallo.

9. LEANDRI : [VAN MIK AF, SKRIK] Shireen! Ek was nou so ingedagte.

10. SHIREEN : Ek sién jy kyk so op die grond. As jy hierso doodgery word, then it's your own fault.

11. LEANDRI : [OP MIK] Kan ek loer in jou boetiek?

12. SHIREEN : Loer is vry.

BYK : EGGO-GEKLINGEL VAN KLOKKIE BINNE, DAN IN OOP RUIMTE MET SAGTE PANFLUITMUSIEK.

13. LEANDRI : Het jy iets teen die son? Ek kan nie glo hoe ek hier brand nie.

1. SHIREEN : [DINK EERS] Hierdie. Al wat ek het, anyway. Mense hier traak mos nie. Hulle dink dis, wat's die woord, verwaand om die ouderdom te wil keer. Mens hoef dit nou ook nie te encourage nie!
2. LEANDRI : Is daar regtig iets tussen jou en Riaan?
3. SHIREEN : Sjoe. Cutting to the chase, Leandri!
4. LEANDRI : Niks meer as jy nie.
5. SHIREEN : Wel. [LAG] Ek mag seker vra hoekom jy wil weet.
6. LEANDRI : Want hy wil hê ons moet vanaand gaan eet. Net eet. Maar ás daar iets tussen julle is, soos jy my so half laat verstaan het, gebeur dit nie. Ek is nie hier om man te soek nie.
7. SHIREEN : [DINK NA] Hmm. Ek gaan seker nie daarmee wegkom nie. Daarom, nee. Niks tussen my en hom nie. [SUG] Mens kry party dinge, en die res – it wasn't meant to be. Ek glo net nie daarin om iets sommer wég te gee nie.
8. LEANDRI : Dis nie waaroor dit gaan nie.
9. SHIREEN : O, nie? Ek verdien ook mos iets in die lewe. Nes jy, is ek hier om weg te kom.
10. LEANDRI : Ek is nie hier om van enigiets weg te kom nie.
11. SHIREEN : Uh-huh. It takes one to know one.

BYK : MUSIEK OP EN DOOF NA BUITELUG MET TORTELS IN DIEP A/G. 'N HOND BLAF 'N PAAR KEER.

12. DANIELS : [EFFENSE AFSTAND] Juffrou Cilliers.
13. LEANDRI : Kaptein Daniels. [POUSE] Ek was in die dorp.
14. DANIELS : [OP MIK] Ek het jou gesien. Toe kom lê ek jou voor.

1. LEANDRI : Lê my voor? Gits.
2. DANIELS : As jy enige relevante inligting het, moet jy nie stilbly nie.
3. LEANDRI : Wat kan ek hê? Al moet ek toegee dit lýk verdag, dat ek so kort hier is en dan gebeur daar so iets.
4. DANIELS : Ek moet weer toegee dit sou baie dom van jou wees om so gou ná jou aankoms so iets te doen.
5. LEANDRI : Ek is bly jy sien dit so.
6. DANIELS : Maar. Daar is ’n maar. Mens kan ook redeneer dat jy juis gedog het ás jy iets gaan doen, dan moet dit gou wees.
7. LEANDRI : Hoe ook al, dis nie so nie.
8. DANIELS : Ek het gehoor jy is allesbehalwe mededeelsaam oor jou agtergrond. Jy sal verstaan dis nodig dat jy met my oop kaarte speel.
9. LEANDRI : [AARSEL] Solank dit by jou bly. [POUSE] Kaptein Daniels, ek moet weet wat ek vir jou sê, is vertroulik.
10. DANIELS : Ek is ’n polisieman, nie ’n skinderbek nie.
11. LEANDRI : Nogtans. Ek wil nie dat mense ’n mening oor my vorm en dan het hulle my nog nie eens ontmoet nie.
12. DANIELS : Reg so, dan. Dis vertroulik. Tensy iets gebeur wat maak dat dit nie meer kan wees nie.
13. LEANDRI : Dit sal doen. [DEEL DIT MOEILIK] Hoekom ek hier is – dit het met ’n man te make. ’n Man wat getroud was.
14. DANIELS : En toe vat jy die pad hierheen.
15. LEANDRI : Nie voor sy vrou haar eie lewe geneem het nie.
16. DANIELS : Hoe’t sy dit gedoen?

BYK : IN A/G BEGIN ’N KERKHORLOSIE DRIE SLAE GEE.

1. LEANDRI : Sy het haarself een aand in hul motorhuis opgehang. Haar naam was Desirée Greeff. Haar man, Michael ... Toe dit uitkom van ons verhouding, het mense ... Jy kan dink. Veral omdat sy ryk was. Haar pa het haar vroeg al baie geld gegee.
2. DANIELS : Jou minnaar was toe ryk én vry.
3. LEANDRI : Die saak is deeglik ondersoek. Hy het niks geld uit haar dood gekry nie. Net die huis. Dalk het haar pa daarvoor gesorg, of dalk was dit so in Desirée se testament. Ek weet nie in watter mate Michael “vry” is nie. Ek weet net ék wil nie in daardie huis woon nie.
4. DANIELS : Was julle mekaar se alibi’s? Jy en hy, die aand van sy vrou se dood?
5. LEANDRI : Nee. Hy was saam met sy broer.
6. DANIELS : Broers jok maklik om mekaar te beskerm. En jy?
7. LEANDRI : In my woonstel. Ek deel dit met my tannie, maar sy was nie daardie aand tuis nie – sy was ’n week saam met vriende by die see. Maar my selfoon sou gewys het as ek daardie aand na Desirée se huis gegaan het.
8. DANIELS : Behalwe dat almal deesdae weet selfone doen dit, en dit by die huis los as hulle iewers iets loop aanvang.
9. LEANDRI : Wel, ek het nie!
10. DANIELS : Juffrou Arendse sê jy hét nie ’n foon nie.
11. LEANDRI : Ek het een, ek het dit net by my woonstel gelos. Omdat Michael my aanhou bel het.

1. DANIELS : Hmm. Dankie vir jou eerlikheid. Dit spaar my moeite. Jy sal van my hoor as daar nog iets is.

BYK : MUSIEK OP – DIE INTIEME KITAARNOMMER "ROMANCE" – EN DOOF NA A/G IN DIESELFDE RESTAURANT AS VOORHEEN, HOEWEL NOU GESELLIGER EN EFFE VOLLER, MET STEMME OOK IN A/G. AAND.

2. LEANDRI : Dit was heerlik, Riaan. My eetlus hierso – toe nog nagereg ook! Ek weet nie wat in my gevaar het nie.

3. RIAAN : Seker my geselskap. [SPONTAAN] Jy lyk mooi. [VERLEË] Ek bedoel, nou ja, jy lyk altyd mooi.

4. LEANDRI : Dankie! Ek gaan dit nie wegpraat nie. Meisies word mos so geleer. My tante het gemaak dat ek in myself glo. Maar nog steeds, meisies moenie vol van hulleself wees nie!

5. RIAAN : Ouens het hulle eie reëls. Moenie jou aan meisies opdring nie. Of jou gevoelens – moenie jou blootstel nie. Dis hoekom ek jou gebel het oor vanaand. En jou nie by die huis gevra het, soos 'n normale mens sou nie. As jy nee gesê het, kon ek vinnig aflui!

6. LEANDRI : [MOET DIE PUNT MAAK] Dis net 'n ete, nè.

7. RIAAN : [VINNIG] Ek weet! Ek weet. Buitendien ... Daar is iemand in jou lewe, of hoe?

9. LEANDRI : Daar wás.

10. RIAAN : Maar jy dink nog aan hom.

11. LEANDRI : Lankal nie meer op daardie manier nie. Hy verteenwoordig te veel dinge wat ek – nee, álles wat ek wou agterlaat. Ook dinge in myself.

1. RIAAN : Meisie van raaisels. Wat het jou hierheen laat kom?

2. LEANDRI : Jy het ook mos jou raaisels. Byvoorbeeld, ek het al gesien dat jy en Shireen hande vashou.

3. RIAAN : Een keer. En jy bedoel dat sy mýne vashou.

4. LEANDRI : Ek weet hoekom sy dit gedoen het – maar hoekom het jy haar dit láát doen?

5. RIAAN : [SEUNSAGTIG TEVREDE] Het dit nie gehelp dat jy my raaksien nie? [ERNSTIG] Daar wás iets tussen my en Shireen. Of so amper. ’n Gevoel. [LAG] Seker vir ’n goeie vyf minute!

6. LEANDRI : [TERGERIG] Solank ek nie daaruit moet aflei jy hou van speletjies speel nie.

7. RIAAN : [TERG TERUG] En jy? Deur te maak of jy eers moes dink voor jy ja sê vir vanaand?

8. LEANDRI : [KAMSTIG GESKOK] Meneer die prokureur, ek maak beswaar! As ’n meisie nie eens meer die voordeel van die twyfel gegee word nie, weet ek nie wat word van die wêreld nie.

9. RIAAN : A, meisies het áltyd die voordeel!

10. LEANDRI : Jy gaan my skaam maak.

BYK : KITAARMUSIEK (DALK REEDS ANDER NOMMER) DOOF UIT TERWYL ALBEI NOU SWYG. STILTE.

BYK : RESTAURANTDEUR WAT TOEGAAN. OP DIE SYPAADJIE.

11. RIAAN : A, vars lug. Soos jy net hier kry. [POUSE] Eendag is eendag, dan maak hulle nog hierdie straatlamp reg. Maar hoekom staan die kar so ongelyk?

1. LEANDRI : Hierdie band is pap! Ag nee. Maar ek sal jou help.

2. RIAAN : [ONTHUTS-KWAAD] Hierdie kant se een ook. Demmit! Kan jy glo? Ek het nie twéé spares nie. [KREUN TOE HY AFBUK OM TE KYK] Dis gesny!

3. LEANDRI : [SKRIK] Is jy seker?

4. RIAAN : Flenters gesny.

5. LEANDRI : Wie sou so iets ... [BREEK AF] (wou doen?)

6. RIAAN : Ons gaan maar moet stap. Jammer, jong.

7. LEANDRI : Moet ons nie polisie toe gaan nie?

8. RIAAN : [VIES] En hulle wakker maak? Môre is nog ’n dag.

9. LEANDRI : Ek moet sê jy vat dit beter as wat ek sou.

BYK : DOOF IN: KRIEKE IN A/G OP GRONDPAD IN DIE OOPTE.

10. RIAAN : Ek stap eintlik nou lekker. [POUSE] Ek wonder hoe kaptein Daniels met die ondersoek vorder.

11. LEANDRI : Dit bly vir my naar. Ek het net een keer met die vrou gepraat, maar nog steeds. Kom ons verander die onderwerp.

12. RIAAN : Goed. Iets anders. Hierdie veldjie. In al die jare het hulle nog nie daarby uitgekom om iets hier te doen nie. Dis ’n klein oerwoud. Van ek kan onthou, staan dit so. [POUSE. TREK ASEM IN] Het jy dit gehoor?

13. LEANDRI : Wat gehoor?

14. RIAAN : Iemand wat roep?

15. LEANDRI : Jy bedoel hier uit die veldjie uit?

16. RIAAN : Nou’s daar niks. Maar ek is seker.

1. LEANDRI : [SENUAGTIG] Jou ore is beter as myne! Man of vrou?

2. RIAAN : Man. Hy't benoud geklink.

3. LEANDRI : Dan sou hy weer geroep het. As daar iemand was.

4. RIAAN : Dalk kón hy nie.

5. LEANDRI : Maar dan kan dit gevaarlik wees. [POUSE] Riaan, wat maak jy nou? Bly hier! Daar's te veel bosse.

6. RIAAN : Ek moet darem net gaan kyk. Jammer, Leandri. Ek wil nie môre hoor hulle het 'n lyk hier gekry nie.

7. LEANDRI : Dalk is daardie lyk joune. Moenie mal wees nie!

8. RIAAN : [BEWEEG WEG] Sorry, jong. Bly jy net hier. Bly in die lig van die straatlamp.

9. LEANDRI : Riaan! [SAGTER] Bleddie mansmens.

BYK : OP AFSTAND, TAKKIE WAT KRAAK. TERSELFDERTYD RAAK DIE KRIEKE STIL.

10. LEANDRI : [POUSE] Riaan? [HARDER] Riaan! [VIR HAARSELF] Ek kan ook nie net bly staan nie – wie sê dít is veilig? Laat ek gaan kyk.

BYK : NOG 'N TAKKIE, EFFE HARDER.

11. LEANDRI : [VIR HAARSELF] Is dit hy daai? Daar is darem 'n bietjie maanlig. As die bosse net nie so dig was nie. En so hoog! Hoe't Riaan so maklik hier beweeg? Wil ook nie my bloes skeur nie. [ROEP SAG] Riaan?

BYK : 'N UIL SE ROEP IN DIEP A/G.

12. LEANDRI : [VIR HAARSELF] Dankie tog, daar is hy. [GEWONE STEM] Riaan, kom nou, daar is niks nie. [TREK ASEM IN, DAN VIR HAARSELF] Daar's iemand anders! [GEWONE STEM, SKREE] Riaan!

1. RIAAN : [VAN MIK AF, ’N KREUNGELUID]

BYK : RITSELING VAN TAKKE – IEMAND BEWEEG IN A/G VINNIG WEG. DAN STIL.

2. LEANDRI : [BANG] Riaan?

3. RIAAN : [EFFE WEG] Ek’s oukei! Moenie worry nie! [NADER] Hy is weg, dink ek – tensy jý hom sien.

4. LEANDRI : [ONTSTELD] Wie kan iéts sien? Ek kon net uitmaak iemand kom agter ’n bos uit na jou toe, en ... Is jy rêrig oukei?

5. RIAAN : [OP MIK] Nou ja, hy hét my teen die kop gekap – met ’n stomp of ding. Maar net skrams. Jy’t betyds geroep.

6. LEANDRI : Hier’s bloed aan jou kop!

7. RIAAN : Ek sal lewe. Leandri, jy bewe so groot as wat jy is. Ek is orraait, rêrig. Kom ons loop.

8. LEANDRI : [KWAAD] Los my arm! As jy my wou impress met jou dapperheid, het jy ’n slegte tyd gekies! Nou maak ons dat ons by die huis kom, en dan bel jy dadelik die polisie!

BYK : DRAMATIESE MUSIEK OP EN DOOF NA DIE LIGTE GEKLINGEL VAN GLAS TEEN GLAS IN DIE SITKAMER, MET IN A/G DIE GETIK VAN DIE GROOT STAANHORLOSIE. DIT IS NOU LAATAAND.

9. SOES : Ek het hierdie brandewyntjie nou nodig. Maar hoe kon jy so onverantwoordelik wees, Riaan?

10. LEANDRI : Wat ek ook wil weet.

11. SHIREEN : Leandri, don’t you know men by now?

1. DANIELS : Riaan, kom weer. Jy't nie die een gesien nie?

2. RIAAN : Glad niks, kaptein.

3. DANIELS : Maar jý het, juffrou Cilliers?

4. LEANDRI : Net 'n beweging. Tussen die takke deur. Geen details nie. Niks wat sal help ... [BREEK AF] (vir 'n beskrywing nie.)

5. DANIELS : Ek kry die prentjie. Vanselfsprekend was dit die ou wat geroep het. Die bedoeling was dat Riaan daar moes ingaan. Of julle albei.

6. SOES : Ek het al gewónder watter onheile by daardie veldjie gaan uitbroei. Nog 'n bietjie brandewyn vir jou, Leandri?

7. LEANDRI : Nee dankie, Soes.

BYK : PRINSES MAAK 'N MIAAUGELUID.

8. RIAAN : En as die kat hier is, Ma?

9. SOES : Was Lavinia s'n, mos.

10. RIAAN : Ek weet, maar ...?

11. SOES : Vanmiddag sien ek die arme dier hier voor in die pad sit. Ek kon hom – haar, bedoel ek – mos nie net so los nie. [POUSE] Ek hoop nie jy's allergies vir katte nie, Leandri!

12. LEANDRI : Net vir mans wat dom is van dapperheid. Hallo, Prinses.

13. SHIREEN : [VERERG HAAR] En net in case julle wonder – ek is ook nie allergies vir katte nie.

14. DANIELS : [VIES] Voor ons almal net met die kat te make het, laat ek julle herinner daar was gisteraand 'n moord net twee huise van hier af, en nou het ons 'n aanval. Riaan, konsentreer, dan vertel jy van voor af wat gebeur het.

BYK : MUSIEK OP EN DOOF NA TOK-TOK-TOK AAN ’N OOP DEUR. ’N BEKNOPTE KANTOOR IN DIE RUSTIGE POLISIESTASIE. OGGEND.

1. LEANDRI : Môre, kaptein. Hulle het gesê ek kan maar deurstap.
2. DANIELS : [SAAKLIK, VAN MIK AF] Kom in, juffrou Cilliers. Sit.

BYK : STOELPOTE VAN STAAL WAT SKRAAP OOR BETONVLOER.

3. DANIELS : [OP MIK] Wat het jy op die hart?
4. LEANDRI : [SENUAGTIG] Ek dink ek weet wie Riaan aangeval het. Dit moet die man wees van wie ek jou gister vertel het.
5. DANIELS : Die Greeff-kêrel.
6. LEANDRI : Michael Greeff, ja. Ek het nie toe vir jou gesê nie, maar hy is hier. Op Stilwater.
7. DANIELS : Ek weet. Moenie so verbaas lyk nie, ons het ’n bostelegraaf. Hier weet ons die sekonde as iemand opdaag. Hoekom het jy daaroor stilgebly?
8. LEANDRI : Ek’t nie gedink dis tersaaklik nie. [POUSE] En gisteraand was die huismense by. Maar hoekom sou iemand ánders juis gisteraand kies om Riaan se bande stukkend te sny? Terwyl ek en hy saam was? Toe móés ons by daardie veldjie verby.
9. DANIELS : Waar jy glo Greeff jou en jou nuwe kandidaat ingewag het.
10. LEANDRI : Daar is niks tussen my en Riaan nie.
11. DANIELS : Jy dink egter hý dink so. Maar hoe ook al, mevrou Smit van die hotel het geen klagtes oor jou Michael Greeff nie. Sy sê hy is ’n regte gentleman. Stel g’n eise nie.

1. LEANDRI : Maar wie anders kon dit gewees het?

2. DANIELS : Dink jy jou vriend het, terwyl hy dan nou hier in die omgewing is, vir Lavinia Beukes vermoor?

3. LEANDRI : Gewese vriend. [POUSE] Seker nie. Dis weer daardie kwessie. Sou hy regtig só vinnig kon uitgevind het mevrou Beukes hou geld in ’n kluis in haar huis?

4. DANIELS : Reg. Selfs as hy voor die tyd daarvan geweet het, sou hy darem seker langer rondgehang het voordat hy optree. Nie waar nie, juffrou Cilliers? [POUSE] Dalk moet jy die speurwerk vir die professionals los.

5. LEANDRI : [GEBELGD] Ek wou net help.

6. DANIELS : Of jy wou iemand in die moeilikheid laat beland. Dankie vir jou tyd, tensy daar nog iets is?

BYK : GESELLIGE RADIOMUSIEK OP EN DOOF NA A/G, MET DIE VOORDEUR WAT OOP- EN TOEGAAN IN DIE VOORPORTAAL VAN SOES SE HUIS. LATER DIE OGGEND.

7. SOES : [VAN MIK AF] A, jy’s terug, Leandri. Het jy toe lekker gestap?

8. LEANDRI : [ONTWYKEND] Ja, dankie. Soek jy iets?

9. SOES : [NOU OP MIK] Is dit so ooglopend! [LAG] Ek was nou net op pad uit, toe kom ek in die kombuis iets agter. Jy’t nie dalk ’n sleutel sien rondlê nie?

10. LEANDRI : Jou kamer s’n, Soes?

11. SOES : Weet jy, jou deur is al een met ’n sleutel. Nee, die ekstra een vir die voordeur. Dit het aan so ’n hakie gehang.

1. LEANDRI : Ek onthou nou. Maar nee. Ek sal uitkyk. [POUSE] Dit spook nog by my – gisteraand. Ek dink ek gaan ’n rukkie lê en lees. Of siende dat jy op pad uit is, as ek dalk die radio kan opneem kamer toe?

2. SOES : [VAN MIK AF] Natuurlik! Ek gaan waarskynlik ’n hele ruk by Mienie wees. Ontspan jy nou!

BYK : VOORDEUR GAAN IN A/G TOE. MUSIEK OP DIE RADIO RAAK HARDER TOE LEANDRI DIT OPTEL EN BEGIN SAAMDRA. SY NEURIE SAAM. ’N DEUR WORD TOEGEMAAK. DIE RUIMTE IS NOU HAAR KAMER. SY STEL DIE RADIO SE KLANK SAGTER. POUSE. ’N KLOP AAN DIE DEUR IN A/G.

3. LEANDRI : [ROEP] Is jy dan al terug, Soes? Kom in!

BYK : DEUR WAT KRAKEND OOPSWAAI IN A/G.

4. LEANDRI : [SKRIK] Wat maak jy hier?

5. MICHAEL : [VAN MIK AF] Jy hou aan om my dit te vra. Terwyl jy goed weet.

6. LEANDRI : Jy kan nie hier wil wees nie!

7. MICHAEL : [OP MIK] Ek het die vrou van die huis sien loop. En die ander twee is uit, so, vir wie hinder ons?

8. LEANDRI : Hoe weet jy hulle is uit?

9. MICHAEL : As julle nie wil hê iemand moet net instap nie, moet julle jul sleutels beter oppas. Ek het nie gevoel ons het klaar gepraat nie.

10. LEANDRI : Michael, loop.

11. MICHAEL : Is daardie mannetjie nou werklikwaar my kompetisie?

12. LEANDRI : [ONTSTELD] Dan wás dit jy!

13. MICHAEL : [GEMAAK ONSKULDIG] Wat wat gedoen het?

1. LEANDRI : Riaan in die bosse aangeval het, dis wat.

2. MICHAEL : Sou ek so iets doen? Hoe barbaars.

3. LEANDRI : Loop net!

4. MICHAEL : Leandri ... Ag nou ja. Ek kan sien jy sal nie nou na rede luister nie. Maar ons twee hoort saam. En jy wéét hoe ek dit weet.

5. LEANDRI : [BYNA SISSEND] Nee, hoe?

6. MICHAEL : Iemand is reeds dood daarvoor. Iemand is dood voor haar tyd.

7. LEANDRI : [AARSEL] Wat presies sê jy?

8. MICHAEL : Ons kon seker gewag het vir Desirée om die boodskap te kry – maar sy het mos aanhou maak of sy niks agterkom nie.

9. LEANDRI : ’n Egskeiding was nooit op die kaarte nie. Ek moes tóé al die pad gevat het.

10. MICHAEL : Feit is, jy hét nie. Drie ongelukkige mense. Maar al was Desirée hóé ongelukkig, het sy nie die deursettingsvermoë gehad om haarself op te hang nie. Ook nie die verbeelding nie.

11. LEANDRI : Michael. Loop.

12. MICHAEL : Sy moes dood sodat ons saam kan wees. En ons sál wees.

13. LEANDRI : Loop!

14. MICHAEL : Goed dan. Vir nou.

BYK : POUSE. DEUR WORD IN A/G TOEGEMAAK. RADIOMUSIEK DOOF UIT. STILTE.

BYK : RADIOMUSIEK DOOF WEER IN – ANDER LIEDJIE. STEEDS LEANDRI SE KAMER. KLOP AAN DEUR IN A/G.

15. LEANDRI : [DEUR DIE SLAAP] Hallo, ja?

BYK : DEUR OOPGEMAAK IN A/G.

1. SHIREEN : [VAN MIK AF] Leandri, slaap jy?
2. LEANDRI : Haai, Shireen. Nee. Of ek hét seker weggeraak.
3. SHIREEN : [OP MIK] Daar was ’n oproep vir jou. Nee, toe maar, die vrou het afgelui. Sy kon nie lank praat nie.
4. LEANDRI : Watter vrou? Wat sê sy?
5. SHIREEN : Iemand in die flat langs joune? Of jou en jou tannie s’n? Jy het mos ’n tannie Sarina.
6. LEANDRI : Marina.
7. SHIREEN : Whatever. Sy’t glo geval.
8. LEANDRI : [SKRIK] En?
9. SHIREEN : Geval en lelik seergekry. Ons praat glo bloed en pyn. Die vrou is daar by haar in die woonstel, jou tannie wil glo nie hospitaal toe gaan nie.
10. LEANDRI : Ag nee, hel.
11. SHIREEN : Maar sy vra dat jy moet gaan help. Ek bedoel, jou tannie vra jy moet.

BYK : RADIOMUSIEK RAAK VIR ’N PAAR OOMBLIKKE HARDER – EN DOOF DAN UIT. STILTE.

BYK : DOOF IN: BUITELUG MET TARENTALE WAT AF EN TOE IN DIEP A/G LAWAAI MAAK. LAATMIDDAG.

12. LEANDRI : Dankie dat jy saamloop stasie toe, Riaan.
13. RIAAN : Jy weet ek is nie happy hieroor nie. Ek hou nie daarvan dat jy so laat in die dag op ’n trein klim nie.

1. LEANDRI : Dis tog hoe ek hier gekom het. En ek gaan nie dat jy my stad toe vat, en dan moet jy in die donker terugry nie.
2. RIAAN : Jy gaan in die donker daar aankom.
3. LEANDRI : Die woonstelblok is naby die stasie. [SUG] Ek hoop net my tannie is orraait.
4. RIAAN : Jy kon haar nie in die hande kry nie?
5. LEANDRI : Ek het net die buurvrou se landlynnommer en sy is in elk geval glo langsaan by my tannie. Beste is as ek net vinnig daar kom.
6. RIAAN : Maar wat moet jy in elk geval daar gaan doen?
7. LEANDRI : Ek wens ek het my selfoon aan gelos en tannie Marina gewys hoe om dit gelaai te hou.
8. RIAAN : Wel, skakel dit aan en laat weet sodra jy daar is. [SKAAM LAGGIE] En hoe gou jy gaan terug wees. Ek sou steeds beter gevoel het as ek jou met die kar kon vat.
9. LEANDRI : Die kar wat nog nie twee nuwe bande het nie?
10. RIAAN : My ma s'n.
11. LEANDRI : Daar is die stasie nou. En ek is die onafhanklike tipe.
12. RIAAN : Ek gaan saam met jou sit en wag.
13. LEANDRI : Riaan, nee. Ons groet hierso. Dis my probleem en ek sorteer dit uit. Gaan jy terug huis toe, rus 'n bietjie en dan geniet jy aandete. Jou ma maak boontjiebredie en ek is net so effentjies jaloers!
14. RIAAN : Wil jy rêrig nie hê ek moet saam met jou wag nie?
15. LEANDRI : Die rooster wat jou ma uit 'n laai gegrawe het, sê die trein kom oor twintig minute. Ek koop 'n kaartjie aan boord. [POUSE] Nou ja.

1. RIAAN : Kom ons groet ordentlik.

2. LEANDRI : O, e ... [VERRAS-GESKOK. KUG. POUSE. VERLEË] Ek kom terug, hoor!

BYK : ’N HOND BEGIN IN A/G BLAF.

3. RIAAN : Belowe? Gou?

4. LEANDRI : So gou as wat ek kan.

5. RIAAN : [VERLIEF-SKAAM] Want jy weet wat ek wil sê.

6. LEANDRI : [SPYT] Dis nie nou die tyd nie.

7. RIAAN : Oukei. Jy’s reg. Baai. Dan hoor ek van jou.

BYK : DIE HOND SE GEBLAF DOOF HEELTEMAL UIT. STILTE.

BYK : DRAMATIESE MUSIEK OP EN DOOF NA VINNIGE BEWEGINGS, ONRUSTIGE ASEMHALING TERWYL ITEMS IN ’N TAS GEGOOI WORD. SHIREEN SE KAMER, AKOESTIEK SOOS LEANDRI S’N. AAND.

8. SHIREEN : [PRAAT MET PRINSES] Wat gee jy my so die evil eye, jou stupid kat? But if you wanna look – look. Jy kyk nou na ’n baie ryk girl. Een wat die skuld lekker op iemand anders pak.

BYK : PRINSES MAAK VRAENDE MIAAUGELUID.

9. SHIREEN : Onder my voete uit, laat ek klaar inpak! As jy kon praat, was ek in my tjops. Maar vir hierdie mense sit ek maklik ore aan. Eers sê ek mos toe vir jou nuwe ounooi hoe worried ek is oor ’n briefie wat kamstig in my kamer gelos is.

BYK : TERUGFLITS: OGGEND IN DIE VOORPORTAAL.

10. SOES : Nee, Shireen. My mensekennis kan mos nooit so swak wees nie!

1. SHIREEN : I know, Soes, I know. Maar Leandri, she's not all she makes herself out to be.

2. SOES : Ek kan nie so iets glo nie.

3. SHIREEN : Lees net hier: "Jy beter vinnig hier padgee." Ewe in capital letters sodat jy nie kan bewys dis haar handskrif nie. Maar dit kan niemand anders wees nie – tog nie jy of Riaan nie.

4. SOES : Laat ons dit uitpraat. Ons drie, ek en jy en Leandri. Ek is seker daar is 'n verklaring.

5. SHIREEN : Nee! Kan mos nie wees nie, Soes. En dis 'n terrible idea. Dit sal dinge net erger maak. Ek is al nervous genoeg. Nee, ek's properly bang. Daai girl!

6. SOES : Goed, Shireen. As jy dit wil stilhou. Maar ek kan dit darem nie dink van Leandri nie.

BYK : EINDE TERUGFLITS. DOOF NA SHIREEN SE KAMER SOOS TEVORE.

7. SHIREEN : So you see, liewe Prinses, wanneer hulle realise ek is weg, gaan hulle dink dis van banggeit. Want ek het nóg so 'n kammakastige briefie geskryf.

BYK : VRAENDE GELUID VAN KAT.

8. SHIREEN : Daar lê dit op die vloer. Hulle sal dit kry, en dan sal Soes vir daai poeliesman sê: "Haai, kaptein Daniels, Leandri het toe wraggies vir Shireen nog 'n dreigbriefie geskryf, nádat sy al so bang was. Nou't sy mooi gevlug." [POUSE] En weet jy wat nóg?

BYK : PRINSES GEE SAGTE MIAAU.

1. SHIREEN : Net voor aandete het ek vir Riaan gefluister die weirdste ding het gebeur. Ek hoor by sy ma Leandri sê ék sê iemand het gebel oor haar tannie wat seergekry het – maar daar was nooit so ’n oproep nie. Dis iets wat Leandri opgemaak het, don’t ask me why.

BYK : VRAENDE GELUID VAN KAT.

2. SHIREEN : Jy vra nog! Dit was voor ek drie lekker sterk slaappille elk in Riaan en Soes se wyn gegooi het. Nou lê hulle uitgepaas. En dít, stupid kat, is hoe jy die perfect crime pleeg. Jy vat al daai geld en geepad kamstig uit vrees – en sorg dat iemand anders óók padgee.

BYK : VER WEG, VOORDEUR WAT TOEGAAN.

3. SHIREEN : [TREK ASEM IN, NOU VIR HAARSELF] Wat was dit daai – die voordeur? Maar dis dan gesluit.

BYK : HAAR BENOUDE ASEMHALING. POUSE. BOONSTE TRAP WAT KRAAK IN DIEP A/G.

4. SHIREEN : [ROEP BENOUD] Wie’s daar? [POUSE] Ek vra!

BYK : DEUR WAT OOPSWAAI IN A/G.

5. MICHAEL : [VAN MIK AF] Hallo, Shireen. Dink jy darem nog aan my?

BYK : MUSIEK OP EN DOOF NA BUITELUG, MET ’N ENKELE KRIEK. ’N TAS WORD OP WIELETJIES OOR DIE GROND GETREK.

6. LEANDRI : [VIR HAARSELF] Hoe sukkel die tas nou so? Ek kan dit nie glo nie. Al die sit en wag, meer as twee uur! En toe kom daar niks. En Soes was so seker van haar saak.

BYK : TERUGFLITS: OGGEND IN DIE VOORPORTAAL. GELUID VAN LAAI WAT OOPGETREK WORD.

1. SOES : Laat ek net ... [DROOG OP] (hier kyk.) [POUSE] Aha, hierso is dit, Leandri! Ek wou mos sê ek het ’n treinrooster.

2. LEANDRI : Is daar nog een vandag?

3. SOES : Hou aan. A! Sesuur!

BYK : EINDE VAN TERUGFLITS, DOOF NA BUITELUG SOOS TEVORE EN MET TAS SE WIELE OOR GROND.

4. LEANDRI : Ek sal graag wil weet hoe oud is daardie rooster – en wanneer daai sesuur-trein laas gery het. Ek sal tog maar vir Riaan moet vra om my te vat. Darem nou nie meer so ver huis toe nie.

BYK : DOOF NA BINNENSHUIS: SHIREEN SE KAMER.

5. SHIREEN : [BANG] Hoe’t jy hier ingekom, Michael?

6. MICHAEL : Die eintlike vraag is: Kan ’n man dan géén vroumens vertrou nie?

7. SHIREEN : Wat bedoel jy?

8. MICHAEL : Leandri is weg – of lei ek verkeerd af? Dit kan net jy wees wat van haar ontslae geraak het.

9. SHIREEN : Dis nie hoe dit lyk nie.

10. MICHAEL : Dis presiés hoe dit lyk, Shireen. Jy was veronderstel om daardie geld vir ons op te pas. Vir ons álbei, onthou? Maar nee, jy’s vol plannetjies.

11. SHIREEN : Michael, jy ken my mos.

12. MICHAEL : Presies. Toe ek vroeër onder by ’n venster inloer, sien ek hoe sit die twee by jou aan tafel lang gape en gee. Ek hoef nie te gewonder het wie’t Klaas Vakie gespeel nie. En noudat hulle lights-out is, hier is jy op die punt om in jou kar te spring.

1. SHIREEN : [POUSE. DOEN HAAR DAPPER VOOR] Jy moes nie eergisteraand overboard gegaan het nie. Ek sou dit anders gedoen het. Ek was nie van plan om Lavinia Beukes dóód te maak nie.

2. MICHAEL : Regtig? Toe ek jou voor haar huis betrap, het jy gereed gelyk om énigiets te doen.

BYK : TERUGFLITS: AAND IN LAVINIA SE TUIN. 'N ENKELE KRIEK IS IN A/G HOORBAAR.

3. SHIREEN : [VIR HAARSELF] Daar sit sy met die alewige kat. Dalk moet ek wag tot sy slaap, dat ek haar kan surprise. Maar ek moet die combination uit haar kry én sy moenie click dat dit ek is nie. Difficult!

4. MICHAEL : [SAGGIES, SKIELIK LANGS HAAR] En as ek jou dan nou vang dat jy op mense spioeneer, Shireen?

5. SHIREEN : [SKRIK HAAR KOUD] Michael?! Jy sal maak ... [BREEK AF] (dat ek my doodskrik.) Wat soek jy hier? [BESEF] Of eerder, jy's vinnig. Ek het jou skaars laat weet Leandri het hier uitgeslaan. [VERWYTEND] My replacement. Wat jou toe gelos het soos jy mý gelos het.

6. MICHAEL : Ag, Shireentjie. Kop vol dinge. Hoe kon jy ooit gedink het ek sal van Desirée skei om by jou te kan wees? Jy was net 'n bietjie afleiding, nooit 'n langtermyn-proposisie nie.

7. SHIREEN : [KWAAD] Ek's klaar met jou ook, in case you wondered. Ek het nie een dag oor jou sit en tjank nie.

8. MICHAEL : O ja? Hoekom het jy dan op my gespioeneer, dat jy so gou geweet het van my en Leandri? En hoekom anders my laat weet toe sy hier uitslaan – hier van alle plekke, waarna jy ook padgegee het?

1. SHIREEN : [ONTWYKEND] Ek wou maar net hê jy moet weet. Ek het net gedog watter amazing odds dit is.

2. MICHAEL : Nie “odds” nie – dis hoe die noodlot wérk. Maar ek weet ook hoe werk jou koppie. Jy wou haar grief gee én jy dog dit gee jou weer ’n innings by my. Maar wat’s dit nou dié? Ek kom kyk of ek Leandri gewaar, toe gewaar ek jóú wat hier rondsluip.

BYK : EINDE TERUGFLITS, DOOF NA SHIREEN SE KAMER SOOS TEVORE.

3. SHIREEN : Ek het nie gesê maak Lavinia Beukes dood nie, Michael. Dit was net iets wat ’n man makliker kan doen – om by haar huis in te kom en haar te dwing om jou die safe se combination te gee. Daar moes jy gestop het.

4. MICHAEL : Dinge gebeur soos hulle gebeur.

5. SHIREEN : [BENOUD] Laat my gaan.

6. MICHAEL : Enige tyd, Shireen. Maar nie met my geld nie. Omdat jy my wou bevark, is dit nou alles myne.

7. SHIREEN : [VOER IETS IN DIE MOU] Nou ja. Oukei. As dit moet.

8. MICHAEL : Ek’t geweet jy sal ... [BREEK AF] (my punt insien.) [SKRIK] Hei! Wat de ... [BREEK AF] (hel maak jy?) [SNAKGELUID]

BYK : DOWWE SLAG SOOS HY BO-OOR DIE OOP TAS VAL.

9. SHIREEN : [EERS TEVREDE] Dit sal jou leer! So ’n beeldjie slaan hard, nè. [DAN BESORGD] Michael? Jy’s nie dóód nie?

10. MICHAEL : [KREUN. POUSE. DUISELIG] Jou klein teef!

11. SHIREEN : [SKRIK] Nee! Los my arm!

BYK : MUSIEK OP EN DOOF NA VOORPORTAAL WAAR VOORDEUR OP MIK OOPGAAN. TAS WORD OP HOUTVLOER NEERGESIT.

1. LEANDRI : [VIR HAARSELF] Sjoe. Ek's skoon uitasem. [GEWONE STEM] O, hallo, Prinses. Kom haal jy my?

BYK : VOORDEUR TOEGEMAAK.

2. LEANDRI : [ROEP] Hallo? Soes? Riaan? Die deur was nie gesluit nie, julle moet versigtiger wees! Shireen? [SAGTER] Prinses, waar's die mense? Kom jy saam op? [POUSE, PROJEKTEER LIGGIES] Hallo hier bo? Ek's terug.
3. SHIREEN : [SKIELIK, SAG] Leandri!
4. LEANDRI : [TREK ASEM IN] Shireen! Jy kom so vinnig op my af.
5. SHIREEN : [BEANGS] Luister ...
6. LEANDRI : Die trein – of liewer, daar wás nie 'n trein nie.
7. SHIREEN : Sjuut! Michael is hier.
8. LEANDRI : [PRAAT OOK NOU SAG] Wat? Kén jy hom?
9. SHIREEN : Ek't hom teen die kop geslaan, hy't oor die suitcase geval, half over, half inside, bo-op die geld. Hy sal buite homself van woede wees! Hy's nog net deurmekaar, sit sy kop en vashou.
10. LEANDRI : Wát? Shireen, jy maak glad nie sin nie. En waar is Soes en Riaan?
11. SHIREEN : Ek het vir hulle goed ingegee. To put them to sleep. Ek ek het vir jou gejok oor jou tannie.
12. LEANDRI : Wat?! [ROEP HARDER] Riaan! Soes!
13. SHIREEN : Dit gaan nie help nie. Ek geepad. Boggher die suitcase, te hel met die geld, ek gaan nie terug by daai kamer in nie. Ek ry nou.

1. LEANDRI : Watse geld?

2. SHIREEN : Jy ken hom nie soos ék hom ken nie, Leandri. Hoe ver hy kan gaan nie. Hy sal my vrekmaak! Ons albei, as hy so is. Jy kan saam met my ry, kom ons waai net!

3. LEANDRI : Ek gaan nêrens saam met jou nie. Shireen! Wag!

BYK : VINNIGE VOETSTAPPE IN A/G BY TRAPPE AF. VOORDEUR IN DIEP A/G OOP EN TOE.

4. LEANDRI : [VIR HAARSELF] Laat ek hier by Riaan se kamer inloer.

BYK : DEUR GAAN OOP. KLIK VAN LIGSKAKELAAR.

5. LEANDRI : [SAG] Riaan? Word wakker! [VIR HAARSELF] Nee, geen reaksie nie. Wat hét Shireen hulle ingegee? En wat's dit van Michael en 'n tas met geld? Dit moet mos Lavinia Beukes s'n wees?

BYK : IN DIEP A/G, ENJIN WAT AANGESKAKEL WORD EN MOTOR WAT WEGTREK.

6. LEANDRI : [VIR HAARSELF] Daar ry sy nou. Ek moet in haar kamer gaan kyk. [POUSE. SKRIK] Michael! Hemel!

BYK : TEMAMUSIEK – OM EN BY LAASTE TWEE MINUTE VAN DIE "BOLERO" – OP, IN A/G. DAAR MOET BEREKEN WORD DAT DIE EINDE DAARVAN MET DIE KLIMAKS VAN HIERDIE TONEEL SAAMVAL.

7. MICHAEL : [DEURMEKAAR] Dis nie so erg nie, mens se kopvel bloei maar. Ek is springlewendig. Of dit jou pas of nie.

8. LEANDRI : [KIL, BEREKEND] Ek het jou gesê – geepad uit my lewe. Jy het alles net kom kompliseer.

1. MICHAEL : Net omdat jý nie weet wat liefde is nie, beteken nie ek weet ook nie. Daai tyd wou jy my net hê omdat jy my nie kon kry nie!

2. LEANDRI : Jy weet, Michael? Jy's reg.

3. MICHAEL : Jy het Desirée verniet doodgemaak.

4. LEANDRI : O. Dan hét jy geweet dit was ek. Ek het gewonder. Soos jy gesê het: Sy't nie die verbeelding gehad om dit self te doen nie. En jy was nie mans genoeg om op te tree nie. Moes ek vir ewig wag? Dus. Ja. Ek het haar verwurg. Daarna het ek haar opgehang.

5. MICHAEL : Toe kon ons saam wees. Maar jy het net gewag tot die ondersoek afkoel, toe vat jy die pad.

6. LEANDRI : Michael, jy verstaan nie. Die lewe is 'n reeks rondes – soos in 'n boksgeveg. Van geboorte tot jou dood. Jy kom iewers aan – jy doen jou ding – jy beweeg aan. Jou fout was dat jy nie kon sien my en jou ronde saam was verby nie.

7. MICHAEL : Ek sien dit steeds nie – "ronde"? My kop wil bars.

8. LEANDRI : Jy sál ook nie nou begryp nie – ek kan sien jy fokus nie. Kom saam met my, dan wys ek jou iets.

9. MICHAEL : [VERWARD] Wat? Ek voel nie ... [DROOG OP] (goed nie.)

10. LEANDRI : Jy sal sien. Oppas vir die kat. Prinses, moenie dat die oom op jou stert trap nie. Jy moet single bly, my kat. Mans bring net ergernis. Hier na my toe, Michael.

11. MICHAEL : Maar ... Dis net die trap. Wat daarvan?

BYK : VOLUME VAN MUSIEK NEEM EFFE DOG MERKBAAR TOE.

12. LEANDRI : [SKREE SKIELIK HARD] Riaan! Kom help my! Riaan!

1. MICHAEL : [SKRIK, SAGTER AS SY] Los my! Wat maak ...

BYK : STEUNGELUIDE SOOS HULLE WORSTEL.

2. LEANDRI : Riaan! Hy't my vas! Hy wil my by die trap afstamp!

3. MICHAEL : Is jy mal, dis nie ék wat jóú ... [BREEK AF] (wil afstamp nie!)

4. LEANDRI : Riaaaan!!!

5. RIAAN : [EFFE WEG, DEUR DIE SLAAP] Wat – Leandri? Wat ...

6. LEANDRI : Help my! Hy ...

7. MICHAEL : [GEE KREET] Aaaaaaaa!!!!

BYK : GELUIDE SOOS HY BY TRAP AFTUIMEL. DIT VAL SAAM MET DIE "BOLERO" SE EINDE.

8. LEANDRI : [POUSE] O my hemel, ek het hóm afgestamp! Riaan! My hemel. Dink jy hy is ... [DROOG OP] (dood?)

9. RIAAN : Laat ek gaan kyk.

10. LEANDRI : Nee, wag, jy's te deurmekaar, netnou val jy ook. Laat ék afgaan. [POUSE. EFFE WEG] Hy lê so stil. En sy nek is gedraai. Michael? [POUSE, DAN GESKOK] Hy's dood! Maar het jy gesien, Riaan? Hy wou mý hier afstamp!

11. RIAAN : Ek het gesien.

12. LEANDRI : [EFFE NADER] Ek het iemand doodgemaak!

13. RIAAN : [HAASTIG OM HAAR GERUS TE STEL] Dit was nie jou skuld nie. Ek het mos gesien!

14. LEANDRI : O, Riaan! [POUSE. DAN OP MIK, HUILEND] Hou my vas, asseblief. Hou my net vas.

15. RIAAN : Daar's hy. Toe nou maar. Maar hoe het ... [BREEK AF] (dit gebeur?)

1. LEANDRI : Dit was hy en Shireen. Sy's hier weg met 'n tas. Die dooie vrou se geld. Dit was hulle twee. Jy moet die polisie gaan bel. Maar hou my eers net nog 'n rukkie vas.

2. RIAAN : Toe maar. Toe maar.

3. LEANDRI : Dankie. Ek voel veilig by jou.

BYK : MUSIEK OP EN DOOF NA SOES AAN DIE WERSKAF IN HAAR KOMBUIS, MET IN A/G HENNE SE GEKLOEK DAN EN WAN. OGGEND.

4. SOES : Nog 'n koppie koffie vir jou, Leandri?

5. LEANDRI : Asseblief.

BYK : GELUID VAN KOOKWATER WAT IN KOPPIE GESKINK WORD.

6. SOES : Hierso. Wat 'n verskil maak 'n paar dae nie. Vanoggend voel ek vir die eerste keer ek het weer perspektief.

7. LEANDRI : [POUSE] Hmm, hierdie koffie, Soes! Ek het nou my lip verbrand, maar toemaar. Soos net jy dit kan maak.

8. RIAAN : Om te dink ons het Shireen vertrou. Hier by ons in die huis! Shireen, wat ons teen jóú wou opsteek. Maar die wêreld kom weer reg. En hier is ek saam met my twee gunstelingvroue.

BYK : MUSIEK – VROEË DEEL VAN DIE "BOLERO" – TERGEND OP IN A/G, SOOS AAN DIE BEGIN. DIT RAAK ALGAANDE HARDER, MAAR NIE SÓ DAT DIT STEMME VERDRING NIE.

9. LEANDRI : Twee, Riaan?! Die man in my lewe mag net plek hê vir één vrou. [POUSE. LAG] Julle moet julle gesigte sien! Het julle dan nou gedink ek is ernstig?

1. SOES : [LAG OOK] Kind, my senuwees gee sommer in! Ek wonder of hulle Shireen ooit gaan vang. [SUG] Met al Lavinia se geld. Maar jy's reg, my seun. Die lewe gaan voort. Of hoe sê jy, Prinses?

BYK : DIE KAT GEE 'N TEVREDE MIAAU.

2. RIAAN : Ons dink nie nou langer aan Shireen nie. En Leandri, ook nie aan jou eks nie. Live by the sword, die by the sword. Nou kry jy die rus wat jy hier kom soek het. Daarvoor sal ek sorg.

3. SOES : Ek gaan nie weer daardie kamer adverteer nie, as julle gewonder het. Dis nou net ons drie.

4. LEANDRI : Ons drie, ja – solank julle in julle spoor trap. [DAN LAG SY ASOF DIT 'N GRAPPIE WAS – EN HULLE OOK.]

BYK : DIE "BOLERO" VOLTOOI 'N RONDE EN DOOF UIT.